


19 JULIE 2020



3iG

'n saam-glo dissipelskap gesprek



saam bid

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

B.I.D. staan vir:

B: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.

I: Intree vir ander (bv. Jou 3iG-lede, jou familie, wêreld, ens.).

D: Dankie-sê, maak daagliks jou dankie-lys en dank God daarvoor.

LEWENS-LEUSE: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid:

"²³Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."

saam groei

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Paulus rig sy brief aan die Romeine aan gelowiges wat in 'n paar huiskgemeentes bymekaargekom het (16:5, 14-15) en hy vermeld die name van nie minder nie as 26 gelowiges, van wie 'n derde vroue was, in daardie huiskgemeentes, onder wie daar ook 'n aantal gelowiges uit die Jodendom was. Hierdie brief, waarin die klem deurlopend op God se onuitspreeklike goedheid val, wat in Christus mense vryspreek, is deur Paulus gedikteer en deur Tertius neergeskryf (16:22) tydens die winter van November 55 tot Februarie 56 nC vanuit Korinte (Hand. 20:2-3). Op daardie stadium het Paulus die gemeente nog nie besoek nie en stuur hy die brief saam met 'n vrou met die naam Febe, wat 'n diaken in die gemeente van Korinte was (16:1). Paulus wil die evangelieverkondiging verder weswaarts neem, Rome toe en vandaar na Spanje (15:19, 24, 28). Iemand het al die Romeinebrief beskryf as "God se goedheid in volkleur". Romeine 5-8 bied vir ons 'n perspektief op wat dit beteken om deur die geloof in Jesus Christus verlos te word en op 'n nuwe manier te leef. Lees nou Rom. 8:12-25.

saam gesels

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).

1. Wanneer Paulus in Romeine 5-8 oor die nuwe lewe gesels, ontstaan die vraag waarin die nuutheid bestaan? Is dit 'n lui-lekker, rustige-agteroorstille lewe of is daar ook sprake van inspanning en stryd? Gesels met mekaar oor julle eie ervaring van die nuutheid. Probeer verwoord waarin die troos vir julle geleë is.
2. Vergelyk die rol van die Heilige Gees in Rom. 8:12-17, met julle eie belewenis van die werk van die Heilige Gees as navolgers van Jesus. Noem konkrete voorbeelde.

3 STAPPE

'n 3iG-groep is 'n saam-glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

2 ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat 'n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

1 GESREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur 'n koffie-afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam-gesels van die week. Die leier – wat elke week wissel – sorg dat ons mekaar daardie week sien.

3. Dink na oor die aanduiding dat almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, kinders van God is. Wat beteken dit dat jy as Jesus-volgelinge ook die identiteit het van 'n kind van God – 'n aangenome kind? Ruim alle twyfel oor 'n tweederangse soort kindskap uit die weg en bepaal die invloed van jou kindskap op jou dissipelskap.
4. Kindskap impliseer dat ons ook erfgename is. Wys vir mekaar waar dit in die gelese gedeelte na vore kom. Omskryf die erfenis so omvattend as wat julle kan. Tot watter mate moet die erfenis die lewe van Jesus-volgelinge bepaal?
5. Jesus-volgelinge is gelowiges met 'n droom oor die toekoms. Bespreek die redes waarom dit so maklik gebeur dat gelowiges in die verlede en hede vasgeval raak en die toekoms-dimensie vergeet en verlore raak.
6. In terme van hierdie gedeelte, wat word verwag gaan met die wederkoms van Jesus Christus gebeur? Wys dit vir mekaar uit in die teks. Wat doen hierdie waarhede aan Jesus-volgelinge?
7. Gesels oor die verband tussen sug en hoop waarvan hier sprake is. Sug julle of nie?

saam stap

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om stil te word.** "Silence is not to be shunned as empty space, but to be befriended as fertile ground for intimacy with God." Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om weg te kom van die verslawing aan alle vorme van geraas, wat ons aandag van God aftrek en om onself luisterend in stilte volledig vir Hom oop te stel. Lees hieroor: 1 Kon. 19:12; Hab. 2:20; Luk. 5:16 en Op. 8:1.

Doen-dinge:

1. Sonder jou af om vir ten minste tien minute in die teenwoordigheid van God stil te wees. Wees net by God.
2. Terwyl jy met iets besig is, draai die agtergrondmusiek af, sit die radio of selfoon se klank af en offer dit waarmee jy besig is as 'n offer aan God. Doen dit wat jy doen met 'n luisterende hart. Wat beleef jy alles.
3. Word stil en dink na oor die woorde van Ps. 37:4.
4. Probeer om 'n halwe dag lank in stilte te leef: geen boeke, of musiek nie, luister net. Wat het in jou stil-wees na vore getree in jou gemoed?

Dink-dinge:

1. Hoe en om watter rede vermy jy stiltes?
2. Waar kan jy in stilte God ontmoet?
3. Waarom werk God in stiltes met ons? Kry vir jouself duidelikheid hieroor.